

Eendag was daar 'n skilpad, en hy het alleen in die veld gewoon. Elke dag het hy gekyk hoe die ander diere vinnig hardloop, en hy het hartseer gevoel omdat hy so stadig was. Skilpad was hartseer, want hy kon nie so vinnig soos die ander diere hardloop nie. Hy kon net stadig stap.

Skilpad het gedink en gedink en toe sê hy, "Ek kan nie vinnig hardloop nie, want my dop is te swaar. Ek dink ek sal uit my dop kruip, dan sal ek vinnig kan hardloop". Toe kruip Skilpad uit sy dop en hy hardloop en roep uit, "Kyk na my, ek kan nou vinnig hardloop!" Hy was baie gelukkig.

Maar wat dink julle gebeur toe? Skilpad hardloop nog met die paadjie langs, toe loop hy hom in 'n groot hond vas. Skilpad skrik hom boeglam. Hy gaan staan, draai om en hardloop so vinnig as wat hy kan daar weg. Wat dink julle het Skilpad gedink? Ja, hy't gedink die hond gaan hom jaag. En die hond hét ook agter hom aan gehardloop en geblaf, só: "Woef-woef-woef!" Skilpad voel vreeslik bang. Hy draai van die paadjie af en kruip agter 'n groot rots weg. Die hond sien nie vir Skilpad wegkruip nie en hy hardloop verder.

Toe die hond weg is, kom Skilpad agter die rots uit en hy begin weer hardloop. Nie lank daarna nie hoor Skilpad 'n lawaai. Hy kyk op en daar sien hy 'n groot voël. Wat dink julle het die groot voël gedink? Ja, die groot voël wou vir Skilpad eet. Skilpad hardloop so vinnig as wat hy kan daar weg. Hy sien 'n boom met 'n gat daarin, en hy hardloop vinnig by die gat in. Skilpad wag tot die voël wegvlieg, toe kom hy uit die gat.

Skilpad is nie baie gelukkig nie. Hoekom is hy nie gelukkig nie? Ja, dis reg – want hy is bang. Hy het nie 'n dop om in weg te kruip nie. Kort daarna begin dit reën en dis koud. Skilpad raak sopnat en hy bewe van die koue. Hy hou niks daarvan nie. Hy is nou regtig baie ongelukkig. Wat dink julle doen hy toe?

Ja, hy kruip in sy sterk dop terug. Hy sê, "Ek gee nie om as ek nie vinnig kan hardloop nie. Ek is 'n skilpad. Ek is bly ek is ek!" En dis hoekom skilpaaie tot vandag toe nie uit hulle doppe kan kruip nie.

**Fluit-fluit, my storie is uit!**

